AFDELING D TAALVAARDIGHEID

VRAAG 8 SINSTRUKTURE

Bestudeer die spotprent hieronder en skryf dan die sinne oor soos aangedui.



[Bron: Die Burger, 14 April 2020]

8.1 Die man haal kos uit die yskas. Die man is honger.

Die man wat ... (1)

8.2 Die vrou staan en praat met haar vriendin op haar selfoon.

Verlede week ... (1)

8.3 Die man vra vir sy vrou: "Waar het jy die roomys gebêre?"

Die man vra vir sy vrou ... (1)

8.4 Het jy al ooit so 'n vol yskas gesien?

Nee, ... (1)

8.5 Die hond bedel vir 'n bietjie kos. Hy het gister laas geëet.

Die hond bedel vir 'n bietjie kos, aangesien ... (1)

8.6 Die vrou het verlede week drie koeke in die oond gebak.

Drie koeke ... (1)

IEB Copyright © 2024

LIVEWORKSHEETS

8.7 Die man wil nog iets kry om te eet. Hy het 'n uur gelede ontbyt geëet.

Al ... (1)

8.8 Die vrou kom van haar Pilates-oefening af. Sy bel onmiddellik haar vriendin.

Nadat ... (1)

8.9 Die man haal die kos uit die yskas sodat hy dit by die tafel kan eet.

Die man haal die kos uit die yskas om ... (1)

8.10 Die man sal die vuil borde later in die wasbak was.

Die vuil borde ... (1)

8.11 Die man stap na die kombuis toe; dan maak hy die yskas oop.

Gister ... (2)
[12]

IEB Copyright © 2024

LIVEWORKSHEETS

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

Lees die paragraaf wat op die spotprent gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word.

Skryf die nommer en die korrekte antwoord ONDER MEKAAR in jou antwoordboek neer.



[Bron: Die Burger, 28 April 2020]

Dit is nou **9.1 (autumn – gee die korrekte Afrikaanse woord)** en Fanie maak sy tuin skoon. Hy gaan die **9.2 (gras snyer/grassnyer – kies die korrekte vorm van die woord)** gebruik, want die gras is baie **9.3 (lang/lank – kies die korrekte vorm van die woord)**. Dit is 'n warm dag en Fanie is al **9.4 (nat – gee die intensiewe vorm)** gesweet. Hy is besig om al die **9.5 (blaar – gee die meervoud)** in 'n klein **9.6 (hoop – gee die verkleining)** op te hark. Hy het ook die **9.7 (breek – gee die korrekte vorm van die deelwoord)** takke in die vullissak geplaas. Fanie se **9.8 (bierman/buurman/bureman – kies die korrekte spelling van die woord)** lê met sy arms **9.9 (.... – gee die korrekte voorsetsel)** die heining terwyl hy sy sigaret rook. Hulle is al **9.10 (14 – skryf uit)** jaar lank bure. Die heining aan die kant

IEB Copyright © 2024

LIVEWORKSHEETS

wvan die huis is twee **9.11 (m – skryf die woord voluit)** hoog. Dit is effens **9.12 (hoog – gee die vergrotende trap)** as die heining waarop die man **9.13 (leen/leun/leuen – kies die korrekte woord)**. Die hond met **9.14 (kolle – gee die verkleining)** op sy rug is Fanie s'n. By die kruiwa is die res van die **9.15 (tools – gee die korrekte Afrikaanse woord)** wat hy in die tuin gaan gebruik. Die voertuig wat buite staan, is Fanie s'n en dit is **9.16 (baie oud – gee die intensiewe vorm)**.

[8]

VRAAG 10

BLAAI ASSEBLIEF OM

IEB Copyright © 2024

LIVEWORKSHEETS